

Inhoud Preek liggaam Hoof kerk Gees ds. Petrus Kriel. Hierdie preek wys hoe Christus ons sy kerk maak. Hy verenig ons met wie Hy as mens vandag in die hemel is. Omdat ons een is in wie Hy as mens is, word ons as kerk “sy liggaam” genoem. Dit wys die nagmaal ons. Dit wys dat Hy as God ons sy kerk deur sy menslike liggaam maak. In die afgodsdienste van die moderne Christelikheid word Jesus as die kop van mense wie God se lyf is, aangestel. Hulle vorm ’n gemeenskap wie God se goddelikheid beliggaam en as hierdie liggaam is hulle die bron en oorsprong van Jesus as hul koning, skoolhoof, direkteur, bestuurder, seremoniële hoof en verggeneraal. Só vervreem hulle mense van Christus as Hoof en van sy kerk as sy liggaam.

Skriflesing Kol 1: 1, 2, 13 – 22; Efesiërs 4: 4 – 6.

Teks Kol. 1: 18 “Hy is die Hoof van sy liggaam die kerk.

Tema Christus maak ons deur sy menslike liggaam sy kerk

1. Die Here Jesus skep sy kerk deur sy liggaam, deur wie Hy as mens vandag in die hemel is. Daarom noem die Here die gemeenskap wat Hy deur sy liggaam skep, die kerk, “sy liggaam.” Wanneer die Here die nagmaal instel verklaar Hy van die brood: “Dit is my liggaam vir julle.” (1 Kor. 11: 24) en van die wyn: “Drink almal daaruit want dit is my bloed.” (Mat. 26:28)

Jesus verklaar nie met die brood en wyn dat “Dit is julle liggaam” of dit is “Julle bloed” nie. Die brood en wyn is tekens van die Here Jesus se liggaam en bloed, van Hom as mens van vleis en bloed.

Jesus veraar ook nie dat die brood en wyn is die Vader se liggaam of die Heilige Gees se liggaam nie. Dit is sý liggaam en sý bloed. Dit is tekens van sy menswees na liggaam, siel en gees, toe en soos Hy vandag nog mens van liggaam, siel en gees in die hemel is.

Wanneer Paulus dan die gemeente van die Here sy liggaam en die Here die Hoof van die liggaam noem, moet ons hierdie verklaring altyd hoor en sien volgens die woorde van die Here by die nagmaal: “Dit is my liggaam vir julle.” Die Here maak sy kerk, deur wie Hy as mens liggaam is vandag.

Die nagmaal wys ons hoe is Jesus Christus die Hoof van sy liggaam, die gemeente!

2. Ons mag hierdie sin nooit so hoor of verstaan: Jesus is die kop en ons is die lyf nie! Die sin moet só gelees word: Hy is die Hoof van sy hele liggaam, van kop tot tone!

Christus maak ons deur sy menslike liggaam sy kerk

Hoof beteken oorsprong in die sin van die bron waaruit die hele liggaam na vore kom. Paulus kwalifiseer vers 18 “Hy is die Hoof van sy liggaam die kerk” dadelik met hierdie sin: “Hy is die oorsprong”, bedoelende die bron waaruit die hele liggaam van kop tot tone na vore kom.

Hoe Jesus Christus die bron van sy liggaam die kerk is, word dan só gestel, Hy is “die Eersgeborene uit die dood sodat Hy in alles die eerste plek kon inneem.”

Eersgeborene uit die dood beteken dat Jesus die eerste mens is wat as mens uit die dood uit opgestaan het om na sy dood vir altyd as mens van liggaam, siel en gees vir altyd te leef. Eerste plek inneem wys vir ons hoe Hy die oorsprong, die van die gemeente is wie sy liggaam is.

3. Hoe neem Jesus die eerste plek in as die Eersgeborene?

Die eerste plek volgens die Here se verklaring by die instelling van die nagmaal is: “Dit is my liggaam vir julle.” Dit is die eerste plek wat Christus inneem. Dit word in Kol 1: 22 só verduidelik: “maar nou het Hy julle deur sy liggaam met Homself versoen, sodat Hy deur sy dood julle heilig, sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel.”

Deur sy liggaam as mens neem die Here Jesus Christus die eerste plek in as die Eersgeborene! Hy is die eerste mens wat heilig gebore is uit die maagd Maria (Luk. 1: 35) Hy is die eerste mens wat as heilige mens moes sterf as sondaar (Kol. 1: 22) wat beteken dat Hy die eerste plek inneem onder die oordeel, die woede en toorn van God met sy lyding kruisiging en sterwe. Deur sy opstanding uit die dood as Eersgeborene, neem hy vandag ook die eerste plek in deur self die heilige en regverdig mens aan die regterhand van die Vader te wees in die hemel.

Eerste plek inneem beteken Hy is die eerste mens wie só is: “Dit is my liggaam vir julle!”

Is daar ’n tweede, derde, vier en vyfde plek wat ingeneem kan word naas of na hierdie eerste plek wat Jesus Christus inneem? Is daar ’n tweede, derde en vierde geboorte uit die maagd Maria, of ’n tweede, derde en vierde plek om te ly onder Pontius Pilatus, of om aan die kruis te sterf, of om uit die dood uit op te staan en op te vaar na die hemel om aan die regterhand van God te gaan sit?

Daarom beteken eerste plek inneem as Eersgeborene om die enigste plek as die oorsprong en bron in te neem.

4. Paulus verduidelik hoe Christus die Hoof is wie die oorsprong is in hoofstuk 2: 9 – 14.

Christus maak ons deur sy menslike liggaam sy kerk

Dit klink só: “In Hom is die volle wese van God immers liggaamlik teenwoordig. En in Hom, wat die Hoof oor elke heerskappy en mag is, is julle met hierdie volheid vervul. In Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis deur mensehande nie, maar deur die besnydenis van Christus waardeur julle sondige aard weggeneem is, toe julle in die doop saam met Hom begrawe is, ... In Hom is julle ook saam opgewek.”

Saam met hom begrawe en saam met hom opgewek! Wanneer ons dit met al die ander tekste uit Paulus se briewe wat hierdie selfde openbaring meedeel lees soos Rom. 6 en andere dan klink dit so:

Saam met Hom gekruisig! (Rom. 6: 6)

Saam met Hom gesterf! (Rom. 6: 5)

Saam met hom begrawe! (Rom. 6:4; Kol. 2:12)

Saam met Hom opgewek! (Rom. 6:5; Kol. 2:12, 3:1)

Saam met Christus leef ons! (Kol. 3:3)

Christus se eerste plek maak Hom die bron soos hier staan: In Hom is ons met hierdie volheid vervul. Christus maak ons vol met alles wat Hy eerste is! My maak ons vol met sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, begrafnis, opstanding en hemelvaart!

Só is hy die Hoof en oorsprong van sy gemeente! Hy vervul ons met alles wat Hy eerste is: met die heiligheid as mens deur sy geboorte, met die verheerliking as kind van God deur sy lyding, met die seëninge van God deur sy kruisiging, met die vrede van sy graf, met regverdigmaking van sy hemelvaart!

5. Hoe is Christus se gemeente, sy liggaam?

Ons is sy liggaam nie deur tweede, derde en vierde plek in te neem na hom in te neem nie. Ons is “in Hom”. (Kol. 2: 10) Christus word twee keer in Kol. 2: 13 – 20 die “Eersgeborene” genoem! In verse 15 beteken dit Hy is die Eniggebore Seun van God, self Skepper en Here oor die hele skepping, die natuur en die mens! Paulus verklaar van Christus as Eniggebore Seun van God dat god die Vader alles in Hom geskep het, deur hom geskep het en tot hom geskep het.

Christus is self God die Skepper saam met die Vader en Gees – die Eersgeborene!

As Hoof van sy liggaam is Hy die Eersgeborene uit die dood! Hy is self God wat mens geword is en vandag nog steeds mens is, Eersgeborene uit die dood! Hy maak ons wie ons is, deur sy liggaam as mens, (Kol. 1: 22) Hy maak ons mense wie heilig, sonder foute en onberispelik as mens is!

Christus maak ons deur sy menslike liggaam sy kerk

Deur sy liggaam beteken om ons met Homself in wie Hy as mens is te verenig en te laat deel in wie Hy as mens vir God is. Christus as Eersgeborene waardeur en vir wie alles geskep is, sluit ons deur sy krag as Skepper in wie Hy as mens is wat in alles eerste plek inneem!

Sy liggaam is die oorsprong, die bron waaruit ons alles is wie Hy ons as mense maak: sy skuld, oordeel, vervloeking en verwerping as heilige mens, is myne! Die regverdige lewe wat Hy leef vandag, is myne! (Rom. 6: 10)

Daarom kan Paulus oor Christus as die Hoof van sy liggaam (Efe. 4: 15) in Efesiërs die gemeente oproep: “Ja, trek die nuwe mens aan wat in geregtigheid en ware heiligheid as God se beeld geskep is!

Christus maak sy liggaam die bron waaruit Hy alles wie Hy as mens is met ons deel sodat ons dit saam met Hom kan wees. Só is ons, sy gemeente, sy kerk sy liggaam.

6. Dit sien en ervaar ons tog mos in die nagmaal!

Die brood en wyn is Christus se liggaam en bloed vir ons. Dit is nie die Vader se liggaam en bloed vir ons nie. Dit is ook nie die Heilige Gees se liggaam en bloed vir ons nie.

Daarom is die kerk nie die Vader of die Heilige Gees se liggaam nie. Nêrens word die kerk so genoem nie! Want die Vader en die Heilige Gees het nie mens geword en is mens vandag in die hemel nie. Dit is net Christus wie liggaam en bloed, mens is!

Hoe is ons Christus se liggaam?

Dit wys die Here ons met sy nagmaal! Hy is die Eersgeborene wat die eerste plek inneem! Net Hy is die brood wat gebreek word en die bloed wat uitgegiet word. Net Hy is die oorsprong deur ons in te sluit en te laat deel wie Hy as mens is! Dit is hoekom ons die gebreekte brood en uitgegote wyn eet en drink as teken dat ons is ingesluit en deel in wie Jesus as mens in ons plek en vir ons is.

Omdat Hy alles wie Hy as liggaam, mens is, met ons deel, is ons sy liggaam: alles wat met Hom as mens gebeur het, is ons s'n. Hy is ons Hoof en ons sy liggaam omdat Hy ons met alles vervul, volmaak wie Hy as mens is.

Ons is sy onskuld, heiligheid en regverdigheid wie Hy eerste is! Ons is sy oordeel, straf en verwerping as sondaar wie Hy eerste was!

Christus maak ons deur sy menslike liggaam sy kerk

7. Ek wil graag vir u 'n voorbeeld gee hoe Christus ons Hoof is en ons sy liggaam is: die voorbeeld van die eerste sel waaruit 'n mens se hele liggaam ontwikkel!

Die eerste sel waaruit elke mens as mens ontwikkel is die DNA molekule wat gevorm word in konsepsie. Alle selle waaruit 'n mens bestaan, elke sel van elke verskillende soort orgaan van 'n mens se liggaam, ontwikkel uit net een sel, net een DNA molekule!

Ons kan vandag nog steeds nie die wonder hiervan begryp nie! Net een sel, net een DNA molekule, die eerste sel en daaruit groei en ontwikkel elke ander sel. Elke ander sel uit hierdie een sel is 'n ander sel wat deel van 'n ander orgaan word, breinselle, oogselle, speekselklierselle, longselle, hartselle, maag en ingewand-selle, nier, lewer en pankreasselle. Alles uit een sel!

Die eerste sel is eerste in alles! Hy neem die eerste plek in alles in!
Wat is hierdie eerste plek?

Dit is nie om die baas-sel te wees nie. Dit is nie om die sel te wees wat alles organiseer en bestuur nie. Dit is nie om die sel te wees soos wat elke ander sel moet lyk en werk nie. Dit is om die sel te wees waaruit alle ander ontstaan en wat elkeen dieselfde DNA het as die eerste sel!

So is hierdie sal die Hoof en oorsprong! Uit hom ontstaan alle ander selle en elke ander sel bevat sy DNA molekule.

So is Christus die Een wat in elkeen wie sy liggaam is, die eerste plek inneem: elkeen ontstaan uit Hom en elkeen bevat innerlik dieselfde kern wie Hy as mens in Homself is: rein, heilig, foutloos, regverdig en onberispelik vir God! Dit is Christus se DNA wat Hy skep in elke mens wie Hy deel van sy liggaam maak.

Elke lid van die liggaam van Christus ontstaan uit die vereniging en eenheid met wie Hy as mens is en deel innerlik wie Christus as mens vir God is: om heilig en regverdig te wees vir God.

Christus is ons Hoof omdat Hy ons skep uit wie Hy as mens is en innerlik laat wees wie Hy as mens is, terwyl ons elkeen ons eie liggaam, siel en gees het en heeltemal ander mense as Jesus Christus is.

Hy is die hoof van sy liggaam, sy kerk! Deur sy liggaam as mens maak Hy hulle as Eersgeborene wie hulle is. Daarom word ons sy liggaam genoem. Ons is in ons eenheid met Hom gevorm om te wees wie ons vir God is: heilig en regverdig!

Christus maak ons deur sy menslike liggaam sy kerk

Ons is sy liggaam omdat Hy deur sy krag as Eersgeborene ons insluit, vorm en laat deel in sy liggaam as mens: wie Hy as mens vir God is. Dit is wat die Here ons met die nagmaal wys: ons is sy liggaam omdat ons deel is van die brood en wyn, deel is van sy liggaam! Deur sy liggaam as mens in die hemel maak Hy as Skepper ons wie ons as kinders van God is.

8. Afgodsdienste keer hierdie evangelie dat Christus die Hoof, die oorsprong van die kerk is, en die kerk sy liggaam is, heeltemal onderste bo. Deur dit te verdraai gee hulle aan die woorde liggaam en Hoof 'n totaal nuwe betekenis. In afgodsdienste verander hulle die eenheid Hoof en liggaam na die iets anders: kop en lyf. Hulle maak mense god se lyf sodat mense Jesus die Kop kan maak! Na hulle verdraaiing is die kerk God se liggaam wat Jesus hul kop maak! Geestelikes maak vandag asof Jesus die kop van die liggaam is. Hulle maak Jesus die kop van die liggaam, terwyl Hy die bron van die hele liggaam is en die kerk die liggaam is van kop tot tone!

Die kern van hierdie verskriklike dwaling is dat geestelikes mense oortuig dat die God se goddelike Gees maak hulle God se liggaam en dan moet hulle as God se goddelike liggaam Jesus aanstel as die Hoof van God se liggaam. Só is hulle God se lyf, deur die goddelike gees van God en só maak hulle Jesus die kop, die hoof van hulle goddelike liggaam.

Kan u só iets in die nagmaal raaksien? Die brood en wyn is tekens van 'n goddelike gees wat ons God se liggaam maak sodat ons Jesus die Hoof van God se liggaam kan maak? Dit is die afgodsdienste wat met die kindernagmaal die geestelikheid van die kerk gemaak is: ons is God se geestelike, goddelike liggaam wat Jesus koning maak!

Hierdie afgodsdienste maak dat die kerk van die Here en die Here as Hoof van sy liggaam heeltemal verwring word om totaal iets anders wees. Christus is nou 'n totaal ander hoof van 'n totaal ander liggaam.

Kom ons kyk hoe maak hierdie goddelike liggaam, mense wie God se goddelike gees in hulle het, van Jesus die kop van die liggaam!

Die sin waarmee hulle hierdie verdraaiing begin klink só: "Ons moet Jesus die eerste plek in ons lewe, ons gesin, ons familie en ons land gee!" Wat sê God se Woord? Het Jesus as Eersgeborene self die eerste plek ingeneem as mens wat uit die dood uit opgestaan het, of moet ons vir Hom sy eerste plek gee?

Die eerste plek wat Christus inneem as mens wat in alles eerste is, is om wie Hy as mens vandag is met ons te deel, om ons in te sluit en te verenig om alles waarin Hy eerste is ons eie te maak deur sy krag as God self.

Christus maak ons deur sy menslike liggaam sy kerk

Die eerste wat mense aan Jesus gee is dat hulle as God se liggaam Jesus, koning, en Baas maak van hulle wat God se liggaam is. Mense moet eers God se liggaam word deur elkeen God persoonlik in hulle lewe te innooi en dan word hulle God se liggaam, sy blyplek. Wanneer hulle God se liggaam, sy blyplek is, dan moet hulle Jesus as die Baas van hulle lewe aanstel op die troon van hulle harte. So is hulle vir Jesus God se liggaam, Hy is die Baas en hulle is sy goddelike werksmag. As Baas, die kop, dink en besluit Jesus was hulle moet doen en gee vir God se liggaam hulle werksopdragte! So preek predikante en pastore dat ons is God se hande, God se oë, God se ore, God se arms bene en voete, maar Jesus is die kop, die Baas. Ons is die goddelike liggaam wat Hom die Baas want ons wil sy werk vir Hom laat doen.

Is ons God se liggaam wie Jesus Koning maak deur ons goddelike liggaam of maak Jesus Christus ons sy kerk deur sy eie menslike liggaam in die hemel? Maak ons Jesus Baas omdat ons Hom aan stel as Kop van ons goddelike liggaam of maak Hy ons sy kerk deur sy menslike liggaam?

Christus is nie die hoof van 'n geestelike werkersunie nie. Hy is die oorsprong van hulle wat Hy in sy liggaam as mens laat deel om heilige en regverdige kinders van God te wees. Sy liggaam maak ons wie ons is, van kop tot tone. Ons is nie 'n goddelike liggaam wat Hom Baas maak nie. Sy liggaam maak ons wie ons is, ons is nie 'n goddelike liggaam wat Hom maak wie Hy is nie.

Net so! In afgodsdien is mense 'n geestelike instelling waarvan Jesus die bestuurder en direkteur is. Predikante preek dit só! Wanneer ons met 'n goddelike gees vol gemaak word, wat hulle somer so die Heilige Gees noem, word ons God se geestelike liggaam waarvan Jesus die Hoof is. Hy is die Hoof omdat Hy hierdie geestelike liggaam met sy geestelike idees bestuur en Hy is die direkteur omdat Hy God se geestelike instelling met geestelike direktiewe voorskryf. Hy gee die idees en voorskrifte en ons is die liggaam wat sy idees 'n werklikheid in ons laat wees en sy voorskrifte uitvoer.

Jesus is nie die bestuurder en direkteur van die geestelike liggaam van God nie. Hy is God wat ons laat deel in wie Hy as mens is, sodat Hy ons maak wie ons: mense wie heilig en regverdig is vir hul Skepper. Deur ons eenheid met sy menslike liggaam maak Hy ons wie ons is. Ons is nie 'n geestelike instelling wat sy idees en voorskrifte uitvoer nie.

Net so is Jesus nie ons skoolhoof nie! In afgodsdien vorm mense as gemeenskap God se geestelike leerskool waarvan Jesus die Hoof is wat vir hulle geestelike leerplanne uitwerk wat hulle moet leer. Jesus werk nie vir ons die leerplan uit hoe ons vir God onskuldig, heilig en regverdig moet wees nie. Ons is nie God se geestelike skoolliggaam of instelling van leerlinge van Jesus se leerplan as hoof nie.

Christus maak ons deur sy menslike liggaam sy kerk

Christus is nie die leerplan van hoe ons heilig en regverdig vir God moet wees nie. Hy is deur sy liggaam as mens die oorsprong van ons heiligheid en geregverdigheid vir God. Hy skep in ons hierdie heiligheid en regverdigheid deur ons in sy liggaam as mens te laat deel.

Ons as God se geestelike liggaam maak Hom nie ons leermeester nie. Hy is nie die kop en ons die lyf nie. Hy is die bron en oorsprong van wie ons as mense is. Hy is die Skepper van wie ons as kinders van God is.

Nog minder is Jesus die seremoniële hoof terwyl ons God se volk en God se gemeenskap is. 'n Seremoniële hoof is iemand soos die koningin van Engeland. Sy moet met 'n vertoon van luister, sier en prag die Engelse gemeenskap se mag en samesyn as Engelse verteenwoordig. Wanneer ons die mag en lewe van God beliggaam, maak ons van Jesus ons seremoniële Hoof. Hy moet met sy luisterrykheid, sy sierlikheid en sy prag ons goddelike mag en lewe as God se volk en God se gemeenskap verteenwoordig.

Ons beliggaam nie God se mag en lewe nie. Hy is nie die seremoniële kop en ons die lyf met mag en lewe nie.

Met sy krag as die Eersgeborene waardeur hy alles gemaak het, verenig Hy ons met wie Hy as mens is, met sy liggaam en so maak Hy ons toegewyd aan die liede vir God: heilig vir God se liefde en reg vir God se liefde.

Jesus is ook nie die kop van die lyf wie sy troepe is nie. Hy is nie die geestelike generaal en bevelvoerder van mense wie God se geestelike weermag is nie. Hy is nie 'n Geestelike bevelvoerder wie ons lei om as sy weermagseenheid sy koninkryk op te rig, te verdedig en uit te brei nie.

Paulus stel dat Hy die Eersgeborene is wie alle bese kragte en magte verslaan het deur ons in te lyf in wie Hy as mens is, as liggaam is in die hemel. Hy maak ons terwyl ons sondig is en sonde doen, innerlik heilig en regverdig vir God en vernietig só alle bewysstukke waarmee die Bese ons kan aankla as onheilig en onregverdig vir God se liefde.

Hy is nie die Bevelvoerder van God se geestelike weermag nie. Hy is die Skepper wie ons insluit in wie Hy as mens is sodat ons sy heiligheid en regverdigheid as mense vir God kan wees. Hy verslaan alle magte en laat ons kinders in sy liefde wees. Nie geestelike troepe wie God se liggaam is om God se koninkryk op te rig en te verdedig nie.

Hy is die Hoof van ons, sy liggaam! Hy is nie die kop van mense wat glo hulle is God se lyf nie!

Christus maak ons deur sy menslike liggaam sy kerk

Kom ons gaan leef in ons eenheid met wie Jesus as mens vir ons is soos die nagmaal ons dit wys. Kom ons wees wie Hy, wie die eerste plek inneem, ons laat wees deur sy krag as die eersgeborene. Kom ons leef as mense heilig en regverdig. Dit is wie Hy ons as sy liggaam laat wees.

Kom ons breek met die afgodsdienste dat ons God se liggaam is wat sy goddelike gees beliggaam en vir Jesus koning van hierdie liggaam moet maak!

Ons is nie God se hande, voete, oë en ore nie! Ons is mense wie met liggaam, siel en gees ingesluit is en deel is van wie Jesus as mens vir ons is in die hemel.

Hy is die Hoof, deur sy eie liggaam van kop tot tone, is Hy die oorsprong van wie ons as sy liggaam is: mense wie van kop tot tone heilig en regverdig vir God in sy liefde is!